DEEL 117 | WEEK 44 | 31 OKTOBER 2025 | R5

HEILBRON HERALD

IF IT'S NOT IN THE HERALD, IT IS ONLY A RUMOUR

# Huis Bron-van-Heil se jaarlikse basaar sprankel met kleurvolle hoede en groot gemeenskapsgees

Die jaarlikse basaar van Huis Bron-van-Heil het Saterdag groot byval gevind onder inwoners en besoekers. Die tema, "'n Hoed 'n Moet", het vir opwinding, lag en baie gees gesorg – met 'n parade van kleurvolle en oorspronklike hoede wat die dag laat blom het.

Die gemeenskap het die byeenkoms uitstekend ondersteun, en die stalletjies het vroegdag reeds gewemel van mense. Die kosstalletjies moes behoorlik bontstaan om by die vraag te hou – veral die pannekoektafel, waar daar deurentyd lang rye was. Tog was almal eens: die wag was die moeite werd.

Die ouetehuisbasaar is die instelling se belangrikste fondsinsamelingsgeleentheid van die jaar, en die opbrengs word gebruik vir noodsaaklike instandhouding en opknapping van die tehuis. Die besoekers het veral waardering getoon vir die netjiese tuine en verfraaide geboue, en kon self sien hoe die vervanging van ou geute en algemene opknapping 'n verskil maak aan die voorkoms van die tehuis.

'n Hoogtepunt van die dag was die hoedkompetisie, waar kreatiwiteit en styl hoog aangeskryf is.

**Wenners van die kompetisie:**
***Kategorie "Blommehoed"***
• Selona Mostert
• Ellen Marais
***Kategorie "Mees Oorspronklikste Hoed"***
• Wilna Pienaar
• Ellen Marais

Die atmosfeer was vrolik, en inwoners, familie en vriende het heerlik saamgekuier onder die bome met musiek, geurige pannekoeke en vars gebakte lekkernye.



Met die sukses van vanjaar se basaar bevestig Huis Bron-van-Heil weer die krag van gemeenskapsamewerking en die liefde waarmee die inwoners versorg word. Die bestuur en personeel bedank almal vir hul ondersteuning – en sien reeds uit na volgende jaar se feestelike dag.









# Nuus uit Ringerstraat Jeugsorgsentrum

## *Oktober: Kankerbewusmakingmaand*

*'n Perspektief van hoop en ondersteuning*

Oktober staan bekend as Kankerbewusmakingmaand — 'n tyd waarin ons nie net fokus op inligting en voorkoming nie, maar ook op die waarde van ondersteuning, begrip en menslikheid. Kanker raak almal op een of ander manier – of jy self die diagnose ontvang het, of iemand na aan jou hierdie pad stap.

Wanneer iemand wat jy ken met kanker gediagnoseer word, weet mense dikwels nie wat om te sê of te doen nie. Tog maak eenvoudige, opregte betrokkenheid dikwels die grootste verskil.

Hoe jy iemand met kanker kan bystaan:

Wees teenwoordig. Jy hoef nie antwoorde te hê nie – net om te luister en daar te wees, dra groot betekenis.

Bied praktiese hulp aan. Klein dade, soos om kos te bring, vervoer te reël of 'n boodskap te stuur, kan groot verligting bring.

Respekteer die persoon se emosies. Daar sal dae van moed wees, maar ook dae van vrees en moegheid. Laat ruimte vir beide.

Moenie die persoon tot positiewe denke dwing nie. Soms is eerlike emosie belangriker as "moet net sterk wees."

As jy self met kanker gediagnoseer is:

Gee jouself tyd om te verwerk. Skok, ongeloof en vrees is natuurlike reaksies.

Moenie alleen probeer wees nie. Maak gebruik van jou ondersteuningsnetwerk – familie, vriende of geloofsgemeenskap.

Praat daaroor. Om jou gevoelens te deel help om die las ligter te maak.

Vra vir hulp. Dit is nie 'n teken van swakheid nie, maar van wysheid.

Bly betrokke by wat vir jou sin gee. Of dit geloof, natuur, kuns of verhoudings is – hou vas aan dit wat betekenis bring.

Kankerbewusmakingmaand herinner ons daaraan dat die krag van medemenslikheid, empatie en hoop dikwels net so belangrik is as enige behandeling. Elke ondersteunende woord en elke klein daad dra by tot die groter pad van genesing – fisies én emosioneel.

"Ondersteuning beteken nie om iemand se pyn te verwyder nie – dit beteken om saam met hulle in die pyn te staan."

Vanaf Ringerstraat wil ons ons eer bewys aan die wat die stryd teen kanker oorwin het, aan die wat hul engelvlerke bekom het en aan die families wat deur Kanker geraak word.




# Dis amptelik! Hof stuit Ngwathe se appèlproses

Die Hoogste Hof van Appèl het Ngwathe Munisipaliteit se poging om verlof tot appèl te verkry, van die hand gewys met koste. Die hof bevind daar is geen redelike kans op sukses in 'n appèl nie en geen ander dwingende rede waarom dit aangehoor behoort te word nie. Daarmee is AfriForum se oorwinning finaal bevestig.

AfriForum sê die uitspraak beteken dat die pad nou oop is vir die Vrystaatse provinsiale regering om ingevolge artikel 139(5) van die Grondwet in te gryp en die munisipaliteit onder administrasie te plaas. Die burgerregte-organisasie beskuldig die huidige raad daarvan dat hulle belastingbetalers se geld mors deur aan te hou hof toe gaan in plaas daarvan om dienslewering te herstel.

"Ngwathe se dorpe val uitmekaar terwyl miljoene aan regsfooie bestee word," sê AfriForum se plaaslike leiers. "Die hof het gepraat – nou moet die provinsiale regering optree."

Burgemeester Victoria De Beer-Mthombeni het in 'n mediavrystelling gesê dat die munisipaliteit "kennis geneem het van die uitspraak" en dit eers sal "bestudeer" voordat daar verdere stappe oorweeg word. Sy het geen aanduiding gegee van wanneer die raad gaan ophou litigeer of hoe hulle die hofbeslissing gaan implementeer nie.

Plaaslike inwoners sê genoeg is genoeg. "Hulle beskerm hul poste en gebruik ons geld om dit te doen," sê 'n inwoner van Heilbron. "Dis tyd dat die provinsiale regering ingryp sodat dienste weer begin werk."

Die hofbeslissing is nog 'n groot nederlaag vir 'n munisipaliteit wat al jare lank sukkel met skuld, korrupsie en infrastruktuur wat verbrokkel. Die bal lê nou by die Vrystaatse regering om op te tree – en om te wys dat geregtigheid en diens aan inwoners swaarder weeg as politieke lojaliteit.




# Tribute: Mr Henry Prince

It is with great sadness that the communities of Sandersville and Phiritona mourn the passing of Mr Henry Prince, a veteran educator and respected leader whose dedication to teaching and mentoring has left an enduring legacy in the lives of countless learners.

Mr Prince devoted many years of his career to Sandersville Combined School and HTS Sasolburg, where his passion for education and his commitment to excellence shaped the futures of many young people. In recent years, he served with distinction as the acting principal of Phiritona Secondary School, guiding both staff and learners with wisdom, integrity, and compassion.

Those who had the privilege of being taught by him remember not only a great teacher, but a mentor who instilled discipline, pride, and belief in one's potential. His influence extended far beyond the classroom — into the lives, careers, and communities of those he inspired.

Mr Prince's passing leaves a profound void in the hearts of all who knew him. His contribution to education and his unwavering dedication to the upliftment of others will long be remembered with gratitude and respect.

# UIT DIE PEN: Week 44

Ek het in graad 8 met twee van hulle kennis gemaak. Lizzie en Leonie. Ons drie was kamermaats by die koshuis. Ek het vir Lizzie geken, want ons was in dieselfde gemeente. Leonie het van 'n onbekende plaasskool af gekom.

Ek was gewoond aan die koshuislewe, want ek was vanaf graad 4 in die koshuis. Ek het eers met die groen bus skool toe gery, en op een of ander stadium het my ouers besluit dat ek moes koshuis toe. Ek het die eerste jaar daarvan gehaat.

Gelukkig was my rooikopsussie daardie tyd die hoofmeisie van die koshuis, en sy het my baie gehelp. Ek weet dat ek 'n paar keer by haar in die kamer gaan slaap het wanneer ek bang was.

In graad 8 deel ek toe die kamer met twee maats. Op 'n mooi dag was ek in die badkamer, en hoor toe hoe Lizzie en Leonie van my skinder. Regtig lelike goed wat hulle gesê het.

Hulle het begin om my uit te sluit. Dit het my tienerhart gebreek.

Ons het beurte gehad om die kamer uit te vee. Wanneer ek amper klaar was, het Leonie grond op die vloer gegooi en gesê dat ek half skoonmaak. En hulle gaan sommer vir die gangprefek vertel.

En ons almal was baie vir die gangprefek.

Ek was gelukkig slimmer as hulle, en my rapport het my gered. Hulle was beïndruk met my punte, maar wou ook weet by wie ek afgeskryf het en of my ouers die onderwyser ken?

Gelukkig het my ouers die volgende jaar dorp toe getrek en ek het uit die huis skool toe gegaan. Sonder Lizzie en Leonie in my lewe. Lizzie het later 'n ander maatjie gekry en Leonie is die einde van die jaar na 'n ander skool toe.

Dit is wat 'n boelie doen. 'n Boelie is iemand wat aanhou om ander te dreig en later kan hulle ook aggressief teenoor die persoon wees. Hulle mishandel iemand gewoonlik verbaal, veral diegene wat kleiner en swakker is wat dalk op een of ander manier nie so bevoorreg is soos ander nie. Ons het almal al met boelies te doen gehad. Sommige het ons sommer geïgnoreer, ander het ons van hulle eie medisyne gegee.

In ons volwasse lewe het ons ook boelies teëgekom. Hulle sit gesaai in die werkplek. Ons sien hulle in die winkelrye, by verkeersligte, hulle sit voor jou tydens 'n teaterstuk. Ons ken hulle. En oor die jare het ons meganismes aangeleer om dit min of meer te hanteer.

Dis heeltemal iets anders wat ons vroeër hierdie week in die nuus gelees het. 'n Splinternuwe vorm van boelie: slaan ander kinders met hokkiestokke en ander houtvoorwerpe.

In my beskeie mening is hierdie nie 'n geval van boelie nie. Nee, Hoërskool Milnerton het gewis nie boelies nie. Hierdie groep was barbare en het die grense van pret oorgesteek. Om nooit weer terug te draai nie.

Dis nie die hele Hoërskool Milnerton nie, net die klein groepie wat die skool se naam deur die riool gesleep het.

My heel eerste vraag is: Waar het hierdie kinders geleer dat dit reg is om iemand, wat kleiner is as jy, wat dalk nie eerstespan speel nie, met goeters toe te takel? Natuurlik wys die eerste vingers na die ouerhuis. Het die kinders dit by die ouers geleer? Dalk het hulle dit op TV gesien en besluit om dit ook te doen. Was dit dalk 'n gespottery wat te ver gedryf is?

Ek weet nie. Ek weet net dat my gryse ou pa my dinges se velle afgetrek het as ek in so iets betrokke was. Nie met 'n houtvoorwerp nie. Hy sou eers mooi gepraat het, en daarna my gewiks het. My klein verstand sou later agtergekom het dat ek verkeerd was. Net so terloops: my ouers het nog streepsuiker uitgedeel. Die eienaardigheid daarvan is dat ek nooit 'n slaner geword het nie. Ek het nie ander mense met goeters toegetakel nie, alhoewel ek so gevoel het. Ek dink ek is nogal heel gebalanseerd. Maar dit is weer net my mening.

Van wanneer af is daar ouers wat hierdie soort optrede goedpraat? Van wanneer af is daar ouers wat hulle kinders wat die misdadigers is, beskerm en hulle straf probeer weerhou? Die ergste is dat die barbare se gesigte opgeneem is, en sommige ouers glo steeds dat hulle kinders niks daarmee te doen gehad het nie. Ek sou ook graag wou hê iemand moet aan my verduidelik hoekom hierdie sogenaamde boeliegedrag is, terwyl dit vir my krimineel lyk. Dalk is my begripsvermoë nie so ver gevorderd nie, want ek verstaan dit glad nie.

Wat nog erger is, is dat daar omstanders was wat hierdie soort voorvalle opgeneem het, en nie die geveg probeer keer het nie. Hulle kon die skool se personeel roep, of beter nog, die polisie laat kom het. Maar hulle kameras het aanhou bly rol. Miskien vir hulle vyftien minute van faam, soos wat Andy Warhol gesê het. Is dit deesdae beter om die geweld af te neem as om dit te stop? Want as dit so is, het ons nogal redelik ver geval in ons normes en waardes. Dis mos makliker om niks te doen nie en agterna die videos aan te stuur.

Hierdie was nie 'n Lizzie-en-Leonie-geval nie. Hierdie was klein misdadigers wat, indien ongestraf gelaat word, groot misdadigers gaan word.

Ek wens vandag dat elke kind geleer word wat reg en wat verkeerd is. En om eerder te help as om 'n geveg op te neem.

# Heilbron OK Minimark onder Top 3 beste takke in Suid-Afrika



Die eienaars en personeel van die OK Minimark in Heilbron-Noord het rede tot groot trots, nadat hul winkel onlangs internasionale erkenning ontvang het tydens 'n toekenningsgeleentheid wat onlangs in Praag, Tsjeggië gehou is. Onder die bekwame leiding van Jan du Toit en sy twee seuns, Andre en Francois, is die winkel aangewys as die derde beste OK Minimark-franchise in Suid-Afrika vir die jaar 2025.

Die prestasie is geen geringe een nie. Uit die 109 OK Minimark-takke landswyd is slegs 6 uitgesoek as finaliste, en uit dié groep het die Heilbron-Noord-tak die tweede naaswenner-plek verower. Boonop is hulle aangewys as die nommer een OK Minimark in die Vrystaat en Noord-Kaap gebied– 'n besonderse mylpaal, veral vir 'n winkel uit 'n klein gemeenskap soos Heilbron.

Om vir die toekenning oorweeg te word, moes 'n winkel aan streng vereistes voldoen. Slegs takke wat alreeds sedert 1 Januarie 2024 volledig operasioneel was, kon benoem word. Daarby moes elke deelnemer beduidende groei toon, en Heilbron-Noord het juis daarin uitgeblink met 'n gemiddelde jaar-tot-jaar groei van 40% sedert hul opening. Die winkel het ook besondere handelsmerklojaliteit getoon deur meer as 70% van hul aankope deur hul OK-rekening te doen – 'n belangrike maatstaf in die franchise-stelsel.

Benewens finansiële groei en handelsmerklojaliteit, moes die deelnemende winkels ook streng gehalte- en higiënestandaarde nakom, soos voorgeskryf deur die LTL-groep se oudit- en kwaliteitsraamwerk wat voedselveiligheid, netheid en produkhantering streng monitor. Verder het die Heilbron-winkel hoë punte behaal vir kliëntediens, goeie hantering van klagtes, uitvoering van promosiereklames en die gehalte van hul varsprodukte-afdeling. Die winkel het in elke opsig bewys dat hulle waardige ambassadeurs van die OK-handelsmerk is.

Volgens die du Toits is hierdie toekenning nie net 'n erkenning vir goeie bestuur nie, maar veral 'n huldeblyk aan die mense wat elke dag hard werk en saamwerk om die winkel aan die gang te hou. Met dit, wil die du Toits ook 'n groot en opregte dankie sê aan die getroue kliënte van Heilbron en die omliggende omgewing. Dis juis die ondersteuning van elke kliënt en belanghebbende wat alles moontlik maak, sonder wie hierdie droom nie waar kon word nie.

Die prestasie bring nie net trots vir die winkel nie, maar ook vir die hele gemeenskap. Dit bewys dat 'n klein dorpie soos Heilbron met die beste in die land kan meeding wanneer daar toewyding, dissipline en gemeenskapsgees aanwesig is. Vir die Du Toits en hulle span is hierdie eer 'n aanmoediging om voort te bou op hul sukses en om die winkel nog verder te verbeter.

Met dit, voeg die du Toits by dat die doel is om aan te hou groei, diensvlakke te behou, die gemeenskap te help bou en altyd vir kliënte die beste inkopie-ervaring te bied.

Met 'n nasionale toekenning agter hul naam en die gemeenskap se voortdurende steun aan hul sy, lyk die toekoms blink vir OK Minimark Heilbron-Noord.

WESDAN BOERDERYE (EDMS) BPK
Louise HBG STOET

VAKANTE BETREKKING
KUDDEBESTUURDER:
SKAAP - EN BEESBOERDERY

VEREISTES:
- Hantering en identifisering van teeldiere en aanwas.
- Toediening van alle doserings en inentings.
- Merk, onthoring, kastreer, tatoeër en brand van alle diere.
- Identifisering en behandeling van alle siektes.
- Volledige rekordhouding van alle diere oor alle aspekte van inentings, siektebehandeling asook lam – en kalfrekords.
- Volledige rekordhouding van teelbulle en ramme – gebruik in verskillende teeltroppe – vroulike diere.
- Weeklikse getalopnames van alle diere op ongereelde tye.
- Volledige weidingsbestuur.
- Voorsiening van lekke en kragvoer soos van toepassing.
- Skeer en hantering van wolskeersel.

KWALIFIKASIES:
- Eerlik en toegewyd ten alle tye.
- Ten minste 5 Jaar se ondervinding van bogenoemde boerderye.
- Netheid.
- Meganiese kennis en herstel/onderhoud van windpompe, draadspan, damme, waterkrippe,voerkrippe,hekke,store,trekkers en implemente waar van toepassing – raaksien en regmaak van alles wat foutief is.
- Moet onafhanklik kan funksioneer en organiseer.
- Bereidwilligheid om lang ure te werk – lamtyd en kalftyd verg ekstra ure sowel as Saterdae en Sondae.
- Respek kan verdien by werkskollegas en plaaswerkers.
- Moet volle verantwoordelikheid aanvaar vir die bestuur van arbeid en uitdeel van pligte.
- Kennis van veesiektes.
- Hardwerkend en eienaarskap aanvaar.
- Boerdery word bedryf en bestuur op verskillende eiendomme – bestuur en organisering hiervan.

VOORDELE:
- Word deel van 'n groep met verskillende vertakkings wat uitdagings bied.
- Mededingende salaris met verlofvoordele.
- Termynkontrak.
- Voertuig vir werksdoeleindes word verskaf. (Verantwoordelik vir voertuig se instandhouding)
- Baie goeie laer- en hoërskool in Heilbron met koshuis fasiliteite.

Sluitingsdatum: 14 November 2025
Alle CV's kan gestuur word na hbh@carfone.net









# Emosie en Elegansie by Hoërskool Heilbron se Lentetee





Saterdag, 18 Oktober 2025, was 'n dag vol emosie, inspirasie en herinneringe toe Hoërskool Heilbron hul jaarlikse Lentetee aangebied het. Hierdie besondere geleentheid het in die Hoërskool Heilbron skoolsaal plaasgevind, waar die matriekklas van 2025 vir 'n laaste keer saam gekuier het in hul matriekafskeidrokke en formele drag.

Die gasspreker vir die dag was niemand anders nie as Rachelle Fourie van die gewilde program "Op my Eish". Sy het 'n kragtige en bemoedigende boodskap gelewer oor hoe om die wapenrusting van God – spesifiek die gordel van waarheid – te gebruik om vrees en angs in jou lewe te oorwin. Haar woorde het diep weerklank gevind by sowel leerders as ouers, en het almal herinner aan die belangrikheid van geloof en innerlike krag.

Een van die hoogtepunte van die oggend was toe die matriekdogters elke moeder met 'n roos vereer het – 'n tradisie wat die spesiale band tussen ma en dogter simboliseer. Hierdie gebaar het by baie trane van dankbaarheid en liefde ontlok, aangesien dit 'n erkenning is van die ondersteuning en opoffering van ouers oor die jare heen.

Die geleentheid het egter ook 'n nostalgiese noot gehad, aangesien dit Juffrou Marina se laaste Lentetee was voor haar aftrede aan die einde van die jaar. Na 16 jaar van toegewyde diens aan onderwys, neem sy afskeid van die klaskamer. Haar teenwoordigheid, liefde vir die leerders en passie vir haar werk sal verseker gemis word.

Die Lentetee van 2025 sal beslis as een van die mees betekenisvolle en emosionele onthou word – 'n viering van groei, geloof, liefde en afskeid.

Foto erkenning: André Pretorius Fotografie

# Hoërskool Heilbron Staptoer 2025

Die graad 8 en 9 stappers het die voorreg gehad om een van die mooiste dele van ons land te verken tydens hierdie jaar se staptoer. Met groot afwagting en opgewondenheid het hulle die pad aangedurf na Drakensville. Hulle 1ste stop was by Sterkfonteindam se uitkykpunt en middagete by Tower of Pizza. Hierdie toer was propvol aktiwiteite, o.a. volleyball, mini-gholf, supertube, swem, boogskiet, verfbalskiet, zipline oor die dam, die blob, 15m abseil, nagmars, lantern bekruip, brugbou en stap. Hulle het ook een dag gery en die sentrale Drakensberge verken waar hulle die volgende plekke besoek het: Falcon Ridge Roofvoëlsentrum, Chocolate memories sjokoladefabriek, The Valley bakery en Dean's honey. Hulle het ook die Koninklike Nasionale Park besoek en op 'n staproete gegaan waar hulle die mooiste uitsigte gehad het en in die watervalle met yskoue bergwater geswem het.











# Farmskills kompetisie





Die graad 11-Landboutegnologie leerders (Carlo, Marno en Abrie) het van 25-27 September 2025 aan die Free State Farmskills deelgeneem by Trio. Hulle eindig 2de in die Boxcart afdeling en dring deur na die Nasionale Farmskills kompetisie.

Van 16-18 Oktober neem hulle aan die Nasionale Farmskills kompetisie te Nampo Alfa deel. Ons seuns vaar uitstekend en kom huistoe met 'n nasionale 4de plek! Ons is baie trots op hierdie manne en meneer Wessel!






## 'n Eerste vir Hoërskool Heilbron!

*Die matriekklas van 2025 het 'n klok aan Hoerskool Heilbron geskenk en die struktuur laat bou. Die lintknip-seremonie het op Vrydag, 17 Oktober plaasgevind. André Viviers, hoofseun en Mieke van Wyk, hoofdogter het die lint geknip. Ouers, personeel en leerlinge het die geleentheid bygewoon. Die matrieks het die klok gelui as 'n seremoniële totsiens aan Hoërskool Heilbron.*

*Vanaf 2026 sal die Graad 1's die klok op hul eerste skooldag lui en elke matriekklas op hul laaste skooldag. Die nuwe klok, geskenk deur die MK van 2025, word amptelik ingewy met die splinternuwe klokseremonie, waar leerders ook afskeid geneem het van Juffrou Marina van Zyl en Juffrou Henriëtte Janse van Rensburg met 'n roseseremonie, om finaal dankie en vaarwel te sê.*



*Herald Office National wens graag die Hoërskool Heilbron matriekklas van 2025 sterkte toe met hul eksamen.*

# Tuinbouklub besoek Ludwig's Roses

• *Magda Piater*

Die dames van die Heilbron Huis- en Tuinbouklub het onlangs 'n onvergeetlike uitstappie onderneem na Ludwig's Roses, net buite Pretoria. Die uitstappie is met sorg beplan deur Sannetjie Lombard, en die padkos – voorberei deur die bekende tannie Lanie Claassen – het die omtrent 280 km lange rit vanaf Heilbron tot Pretoria makliker laat verloop.

By aankoms is die groep met warmte ontvang deur die personeel van Ludwig's Roses, 'n plaas wat bekend staan vir sy uitgebreide roseversameling en kundige benadering tot alles wat met rose te doen het.

Dames van Heilbron en omliggende areas het hul Ludwig's Roses 2025/26-katalogus met groot opgewondenheid ontvang. Met 'n lekker koppie koffie in die hand het hulle om 'n gesellige lang tafel bymekaar gesit om te droom, te beplan en idees uit te ruil. Die gesprekke het gou gevloei oor watter rose reeds in verskillende vroue se tuine blom, en lysies is gemaak van die rose wat elkeen graag nog wil koop. Tot groot vermaak is daar ook ontdek

dat die rose wat die maklikste groei, dikwels dié is met 'n gogga op die etiket — 'n teken van hul gehardheid en aanpasbaarheid. Die katalogus, wat gratis beskikbaar is, dien as 'n omvattende gids vir roosversorging — van die loods van die nuutste variëteite vir 2025, die simboliek agter roosetikette, tot praktiese wenke oor plant, snoei, siektebeheer en 'n maandelikse versorgingsgids.

Die span by Ludwig's Roses skitter in kennis: elke werker ken elke roos (sy karakter, sterken swakpunte) soos die palm van hul hand. Die respek wat die werkers vir oom Ludwig toon, is duidelik sigbaar in hul ywer en trots. Selfs oom Ludwig het tussen die dames beweeg, raad gedeel en herinneringe geskep — en sy eie roosonderbaadjie het geblom vol sprankel, net soos die rose wat te koop is op die plaas.

Hierdie uitstappie was nie net 'n daguitstappie nie, maar 'n inspirasie — 'n geleentheid om kennis te deel, te droom en vreugde te skep in die tuin en geselskap. Sluit gerus aan by die klub om deel te vorm in on spret, of kom kuier gerus as dagbesoeker saam.

Moet Nie Die Volgende Tuinbou-geleentheid Mis Nie!

Kers op die koek: op 22 November 2025 vind 'n Tuinbou-feesmark plaas by Goedehoop Gasteplaas net buite Heilbron, met niemand minder as David Viljoen as spreker. Hy sal praat oor die tema: "Bring jou styl van binne, na buite." David Viljoen is 'n bekende landskapsontwerper, tuinier en onderwyser, wat opleiding in Landskaptegnologie by Tshwane University of Technology voltooi het, met uitnemendheid (cum laude). Hy is die eienaar van Mercury Designs, en is nie net bekend vir sy pragtige tuinontwerpe nie, maar ook as 'n gewilde spreker, televisiepersoonlikheid en kursusaanbieder in die wêreld van tuinmaak en leefstylontwerp.

Die feesmark beloof om vol lewe te wees — met oulike uitstallers, kindervermaak en baie inspirasie vir almal wat lief is vir mooi 'n tuine, huis en alles wat mooi is. Kaartjies is beskikbaar by die tuinbouklub se bestuurslede — Whatsapp gerus vir Magda 066 212 2990 vir meer inligting. Moenie hierdie geleentheid mis om inspirasie te kry en nuwe idees vir jou tuin te versamel nie — net betyds voor die familie vir Kersfees kom!





*Op die foto Mari Myburgh, Wilmien Naudé, Sannetjie Lombard, Pia Pienaar, Erika Piater, Magda Piater en Linda Prinsloo.*




# Ruin to recognition: Sandersville's Prize-Giving Amid Aftermath of Burglary





The small community of Sandersville in Heilbron, has in recent weeks been hit by a troubling wave of break-ins that have left residents frustrated and fearful. Many now say they are on the verge of taking the law into their own hands, claiming that police have failed to respond adequately to their repeated pleas for help.

This past weekend alone, three break-ins occurred on the same night—one of them at the Sandersville Community Hall. According to residents, the perpetrators attempted to steal porcelain basins and taps from both bathrooms in the community hall, as well as the kitchen sink. While they managed to tear the basins from the walls, they dropped and shattered them in the process. Blood stains still visibly left behind where the sharp porcelain shards cut the intruders.

The suspects did however succeed in removing the stainless-steel kitchen sink, but their luck quickly ran out. Two local residents spotted them walking through the Sandersville graveyard in the early hours of the morning, carrying the sink. Startled by the witnesses, the suspects dropped the sink among the graves and fled into the darkness.

When residents entered the hall the next morning, they found the floors flooded, as broken faucet pipes had been spraying water since the break-in. The damage extended beyond the plumbing—anger and disbelief rippled through a community already struggling to maintain its limited infrastructure.

It appears the incident was part of a coordinated string of burglaries, with other homes targeted that same night—mostly those where residents were known to be away. Earlier this year, a break-in at the local Pentecostal church saw small electronics stolen, hinting at a pattern of opportunistic thefts.

What makes this spate of crimes especially disheartening, is that Sandersville is not an affluent area to begin with. Much of its infrastructure has been left to deteriorate, and residents say the municipality has shown little urgency in addressing long-standing issues. To see what little remains, being vandalised and plundered, they say, is "a cruel insult to injury."

In a bitter twist of irony, the very next day the Sandersville Combined School had to host its annual prize-giving ceremony inside that same community hall—where staff and volunteers spent the morning mopping up water and salvaging what they could before decorating the space. Despite the circumstances, the event went ahead, celebrating the learners and teachers who continue to persevere and excel amid adversity.

For many, the stark contrast between the vandalism and the celebration of achievement served as a painful reminder of both the challenges and the resilience that define life in Sandersville.

BKB
RETAIL & FUELS
Has a vacancy for a
CASHIER: HEILBRON
For more information and job requirements, follow this link:
https://bkb.simplify.hr/vacancy/gc7nvm
Reference number: TRAD769
Closing date: 14 November 2025

# Heilbron stap saam vir borskankerbewusmaking

Saterdag, 25 Oktober, was die fokus vroegoggend op die dames van Local Choice Platteland Apteek en Kliniek. Reeds vanaf 6:00 het die Heilbron-gemeenskap in groot getalle by Wentworth Square saamgetrek, vol opgewondenheid en energie, in afwagting van die Pink Walk wat om 6:30 weggespring het ter ondersteuning van Borskankerbewusheidsmaand.

Hoewel die stap in die besonder deur vroue geïnspireer is, was dit goed om te sien hoe talle plaaslike mans ook hul ondersteuning kom toon het — 'n teken dat die hele gemeenskap hande vat in die stryd teen borskanker.

Die staptog het begin vanaf die Wentworth Square-winkelsentrum, op met Langmarkstraat tot by Eerwaarde Kokstraat, en daarna af met Bothastraat deur die Heilbron-industriële gebied. Langs die roete is deelnemers bederf met verfrissingspunte wat deur Platteland Apteek ingerig is, waar almal kon stop vir 'n heerlike peuselhappie, iets vars om te drink, en 'n gesellige geselsie saam met vriende en mede-stappers.

Verskeie plaaslike besighede het ook hul ondersteuning gewys deur die geleentheid by te woon en aktief deel te neem — 'n ware bewys van die samehorigheid en gemeenskapsgees waarvoor Heilbron bekend staan.












## Heilbron SAPS Womens network in support of breast cancer awareness




*The women from Heilbron SAPS took to the streets to all prominent businesses in town in their pink uniforms in support of breast cancer awareness month. In the photo - Back: Sgt. Molapisi, Sgt. Zaphi, Sgt. Binneman, Cst. Modupe. Front: Cst. Masa, A/C Motsiri, Cst. Masangane.*

# Heilbron val vas teen Sasolburg

Saterdag 25 Oktober het Sasolburg se kolwers het met mening ingeklim onder Heilbron se boulers. Met 'n totaal van 213 lopies – wat 80 lopies te veel was vir Heilbron se kolwers om 'n oorwinning te kon inpalm.

Te midde van die strawwe spel, het uitblinker spelers soos Gideon Swart 'n puik reaksie vangskoot op mal man gevang.

Theuns Botha het vir groot opwinding gesorg met vinnige 40 lopies van 16 balle en 5 Groot sesse geslaan toe hy skouers oopmaak.

Jeandre Earle se puik 4 paaltjies vir 35 lopies na 7 boul beurte het Sasolburg ook gekelder en hulle is gesamentlik aangewys as spelers van wedstryd.

Volgende tuis wedstryde is die komende naweek en volgende naweek by Hoërskool Heilbron teen Rust Ter Vaal en Ratels. Sou die wedstryd uitreën, word ligapunte verdeel tussen deelnemende spanne.

Gratis toegang vir toeskouers en kan gerus kom lekker kuier en braai langs veld. Wedstryde begin 13:00.



*Op die foto vl: Theuns Botha, Gideon Swart (Kaptein) en Jeandre Earle.*

EP ENVIROPRO

NOTICE / KENNISGEWING

*Notice is hereby given regarding application for Environmental Authorisation (EA) subject to a Basic Assessment (BA) process in terms of the NEMA EIA regulations (2014, as amended) that will be lodged with the Department of Small Business Development, Tourism and Environmental Affairs (DESTEA) and a Water Use Authorisation (WUA) in terms of section 40 of the National Water Act (NWA; No.36 of 1998) to be lodged with the Dept. of Water & Sanitation:*

The Nketoana Local Municipality intends to undertake additional works at the existing Reitz Water Treatment Works, located within Ward 6 of the Municipality. The proposed works include the construction of a new pump station and associated abstraction infrastructure to ensure adequate raw water intake at the newly developed raw water storage dam. Environmental Authorisation through a Basic Assessment Process is required for the following listed activities: LN1 Activity 12 – the development of infrastructure or structures with a physical footprint of 100 m² or more within 32m of a watercourse, and LN1 Activity 19 – the infilling or depositing of more than 10 m³ of material into a watercourse. A WUA will be lodged with DWS in terms of s21 (a), (c) and (i) of the NWA for taking water from a water resource, alteration of the bed and/or banks of a watercourse and impeding flow within a watercourse, and activities within 500m of a wetland. All Interested and Affected Parties (I&APs) are hereby invited to register with the contact person indicated below. With respect to the WUA, all comments or objections must be submitted within 60 days of the date of this notice.

Hierby word kennis gegee van die aansoek om Omgewingsmagtening (EA) wat onderhewig is aan 'n Basiese Assessering (BA) proses ingevolge die NEMA EIA regulasies (2014, soos gewysig) wat ingedien sal word by die Departement van Kleinsake-ontwikkeling, Toerisme en Omgewingsake (DESTEA) en 'n Watergebruikmagtening (WUA) ingevolge artikel 40 van die Nasionale Waterwet (NWA; Nr. 36 van 1998) wat by die Departement van Water & Sanitasie ingedien sal word:
Die Nketoana-plaaslike munisipaliteit is van voorneme om addisionele werke by die bestaande Reitz-waterbehandelingswerke, geleë in wyk 6 van die munisipaliteit, te onderneem. Die voorgestelde werke sluit die konstruksie van 'n nuwe pompstasie en gepaardgaande abstraksie-infrastruktuur in om voldoende rouwaterinname by die nuut-ontwikkelde rouwateropgaardam te verseker. Omgewingsmagtiging deur middel van 'n basiese evalueringsproses word vereis vir die volgende gelyste aktiwiteite: LN1-aktiwiteit 12 – die ontwikkeling van infrastruktuur of strukture met 'n fisiese voetspoor van 100 m² of meer binne 32 m van 'n waterloop, en LN1-aktiwiteit 19 – die invul of storting van meer as 10 m³ materiaal in 'n waterloop. 'n WGV sal by die DWS ingedien word ingevolge artikel 21(a), (c) en (i) van die NWA vir die onttrekking van water uit 'n waterbron, verandering van die bedding en/of oewers van 'n waterloop en belemmering van vloei in 'n waterloop, en aktiwiteite binne 500 m vanaf 'n vleiland. Alle belanghebbende en geaffekteerde partye (B&GP's) word hiermee uitgenooi om te registreer by die kontakpersoon wat hier onder aangedui word. Met betrekking tot die WGM, moet alle kommentaar of besware binne 60 dae vanaf die datum van hierdie kennisgewing ingedien word.

**Kontak/ Contact:** Simphiwe Khumalo (Cand. EAP); Dustin Bell (Reg. EAP)
**Telefoon / Phone:** 031 765 2942 **WhatsApp:** 064 653 3051
**E-pos / Email:** info@enviropro.co.za **Datum / Date:** 31 October 2025
**Our Ref:** EVP1789

BOERE BANDE
Our quality is our pride!
24/7 SERVICES
BALANCING & WHEEL ALIGNMENT
AUTO, TRUCK & TRACTOR TYRES
FIELD SERVICES
FIT & REPAIR
BATTERIES
Heilbron, Langmarkstr. 22
058 853 0550 | After Hours: 082 552 9261
Frankfort, Barett str. 16
079 209 0750
After Hours: 079 180 4337
Villiers, Arbeider str. 1
066 422 1866
After Hours: 066 422 1866

Die Heilbron Herald se laaste uitgawe (Kersuitgawe) is DV 12 Desember 2025 en die eerste uitgawe vir 2026 9 Januarie 2026.



# KENNISGEWINGS

## KENNISGEWING

In die boedel van **WYLE SAMUEL JACOBUS MARAIS**
Identiteitsnommer: 491112 5014 08 8
Van: Die plaas Driefontein
distrik Heilbron, 9650
Wie in lewe Buite Gemeenskap van Goed getroud was
**DATUM VAN AFSTERWE: 5 AUGUSTUS 2024**
**BOEDELNOMMER: 6362/2024**
Kennis geskied hiermee ingevolge Artikel 35(5) van die Boedelwet 66 van 1965, soos gewysig, dat die Eerste en Finale Likwidasie- en Distribusierekening te die kantore van die Meester BLOEMFONTEIN en die Landdros HEILBRON, gedurende 'n tydperk van 21 dae vanaf datum van publikasie, ter insae lê vir alle persone wat daarby belang het.
Indien binne genoemde tydperk geen besware daarteen by die betrokke Meester ingedien word nie, sal die Eksekuteur oorgaan tot uitbetaling ingevolge die gemelde rekening.
Geteken te Bethlehem op hierdie 21ste dag van Oktober 2025.
**MARIUS STOFFBERG**
**POSBUS 2689, BETHLEHEM, 9700**
**Verw. FRA49/0001**

## KENNISGEWING AAN KREDITEURE EN DEBITEURE

In die boedel van wyle **MARGARETHA MARIA MARX, Nommer 005475/2025,** Identiteitsnommer 610213 0056 08 6 wat gewoonlik woonagtig was te BREëSTRAAT 50, HEILBRON en wat te JOHANNESBURG op 20 MAART 2025 gesterf het.
Enigeen wat 'n eis het teen bogenoemde boedel word hiermee versoek om sodanige eis by ondergetekende in te dien binne 30 dae van die datum van publikasie hiervan.
Gedateer te Heilbron op hierdie 20 ste dag van Oktober 2025.
**JH JANSEN**
**JANSEN PROKUREURS**
**PIERCESTRAAT 58, POSBUS 890**
**HEILBRON, 9650**
**VERW: MAR4/0017/JHJ/cm**

## KENNISGEWING AAN DEBITEURE & KREDITEURE

In die boedel van wyle **GERTRUIDA MARIA PETRONELLA VAN LOGGERENBERG,** Identiteitsnommer 320611 0009 08 1, Ongetroud, woonagtig was te Wilgerus, Distrik Frankfort provinsie Vrystaat, wie oorlede is op 16 Augustus 2025, **boedelnommer 006687/2025**.
Krediteure in genoemde boedel word hiermee aangesê om binne 'n tydperk van 30 (dertig) dae hul eise teen die boedel in te stel en debiteure word versoek om hul skulde binne genoemde tyd te betaal.
**JG POTGIETER & VENNOTE INGELYF**
**BREËSTRAAT 33, POSBUS 199**
**HEILBRON, 9650**
**GEREGISTREERDE OUDITEUR**

## LOST OR DESTROYED TITLE DEED

Notice is hereby given in terms of regulation 68 of the Deeds of Registries Act 47 of 1937, of the intention to apply for the issue of a certified copy of **DEED OF TRANSFER T977/2018**
**PASSED BY:**
The Executor in the Estate Late
**GERT JOHANNES LOTTER**
Number 3810/2011
**IN FAVOUR OF:**
CORNELIA DOROTHEA HERBST
IDENTITY NUMBER 450702 0089 082
MARRIED OUT OF COMMUNITY OF PROPERTY
**In respect of certain:**
1. HOLDING 59 VAAL POWER SMALL HOLDINGS
DISTRICT HEILBRON
PROVINCE FREE STATE
and
2. HOLDING 58 VAAL POWER SMALL HOLDINGS
DISTRICT HEILBRON
PROVINCE FREE STATE
which has been lost or destroyed.
All interested persons having objection to the issue of such copy are hereby required to lodge the same in writing with the REGISTRAR OF DEEDS: FREE STATE at BLOEMFONTEIN,
ADDRESS : 85 Nelson Mandela Drive, Bloemfontein Central, Bloemfontein, 9301
within two weeks from the date of the publication of this notice.
Dated at Vereeniging on 22 October 2025
**APPLICANT:**
**ROSSOUW ERASMUS ATTORNEYS**
**ADDRESS: 86 GENERAL HERTZOG ROAD, RIVER EDGE OFFICE PARK, THREE RIVERS**
**E-MAIL ADDRESS: wilene@reattorneys.co.za**
**CONTACT NUMBER: 061 521 8201**

## BOEDELKENNISGEWING

In die boedel van wyle **MARIA ELIZABETH VAN DER MERWE,** Identiteitsnommer: 370829 0037 08 9, ongetroud, woonagtig te HUIS EMILY HOBHOUSE, Kerkstraat, Koppies, 9540, wat op 23 Desember 2024 oorlede is.
**Boedelnommer: 6299/2025**
Kennis word hiermee gegee aan Debiteure aan Krediteure om bedrae aan boedel verskuldig te betaal en eise teen die boedel in te dien binne 30 (DERTIG) dae vanaf publikasie hiervan by die onderstaande adres.
**CROWTHER & PRETORIUS**
**VAN RIEBEECKSTRAAT 22A**
**POSBUS 245, SENEKAL, 9600**

### BETREKKING VAKANT

Cornelius & Vennote Ingelyf Heilbron benodig die dienste van 'n

ALGEMENE TIKSTER
met tik ervaring vir algemene regswerk. Ondervinding in boedels en/of aktes sal 'n aanwins wees.

15 November 2025 vir diensaanvaarding. Aansoeke sluit 10 November 2025.

Stuur volledige CV vir aandag:
AA Schutte, Kerkstraat 40, Heilbron
E-pos: amanda@corven.co.za

### PUBLIC NOTICE: MATSOPA MINERALS KOPPIES MINE SOCIAL AND LABOUR PLAN 2027-2031

Notice is hereby given of a public participation process in terms of Regulations 42 and 46 of the Mineral and Petroleum Resources Development Act, 2002 (Act No 28 of 2002) (as amended) and in line with the Environmental Impact Assessment Regulations promulgated in terms of Section 24(5) of the National Environmental Management Act, 1998 (Act No 107 of 1998) regarding the review of the Koppies Mine 2027-2031 Social and Labour Plan to succeed the previously approved SLP (2022-2023) and in support of the extension of the mining rights area.

**Meeting details:**
The meeting will be held at:
**Date:** 4 November 2025
**Time:** 17:00-18:30
**Venue:** Kwakwatsi Community Hall, Kwakwatsi, Koppies

**For more information,**
Contact: **Ms Corlia Koen**
Tel: 012 460 7009
E-mail: corlia@demacon.co.za

HEILBRON HERALD WINKELURE
Maandae - Donderdae: 07:30 - 17:00
Vrydae: 07:30 - 16:30 | Saterdae: 08:30 - 13:00

# GEKLASSIFISEERD

**Die Heilbron Herald word uitgegee en gedruk deur die eienaars Heilbron Herald (Edms) Bpk, Elsstraat 44, Posbus 166, Heilbron**

**Tel: 058 852 3033/4/5**
**• Faks: 058 853 0140**
**www.heilbronherald.co.za**

**E-POS ADRESSE**
• **Abrie Watson** abrie@heilbron.co.za
• **John Watson** john@heilbron.co.za
• **Winkel** heraldwinkel@heilbron.co.za
• **Kobus** kobuss@heilbron.co.za
(Wyeformaat produksiebestuurder)
WhatsApp Nr. 081 889 8192
• **Silma** marketing@heilbron.co.za
herald@heilbron.co.za
(Korporatiewe klere, oorpakke, kommersiële drukwerk ens.)
WhatsApp Nr. 083 495 5512
• **Carien** heraldgraphics1@heilbron.co.za -
(Kommersiële drukwerk & koerantbydraes)
• **Delareyz** finance@heilbron.co.za - (Rekenings, state ens.)
• **Christelle** heraldoffice@heilbron.co.za - (Bestellings ens.)
• **Antonio** heraldnuus@heilbron.co.za -
(Koerantbydraes, Skryfbehoeftes, Kommersiële drukwerk ens.)
WhatsApp Nr. 061 294 3983
• **Cara** heraldgraphics2@heilbron.co.za -
(Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.)
• **Elsabé** heraldgraphics2@heilbron.co.za -
(Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.)
WhatsApp Nr. 066 056 1601
• heraldnuus@heilbron.co.za -
(Koerantbydraes, advertensies)
**Koerant sirkuleer in Heilbron, Petrus Steyn, Frankfort, Reitz en asook digitaal versprei op Heilbron se Facebook-blad en webwerf.**

*Menings en opinies wat uitgespreek word in briewe en rubrieke, is dié van die individue en weerspieël nie noodwendig die siening van die redaksie nie.*

# SMALLS

# DIENSTE

### BAAL / SNY & BAAL

Vir die maak van voer, vanaf sny tot baal of slegs baal. 1.2m bale (tou/net). Velde of wenakkers.
Petrus Steyn, Frankfort, Heilbron en Lindley.
KONTAK JACO MEIRING
082 851 6158 OF
PIET MEIRING 082 571 4191
peerlandhandel@gmail.com

### BAAL / SNY & BAAL ...

Vir sny-, hark- en baalwerk.

Kontak Evert Kleynhans

072 018 3685
Heilbron

### DUPNO Trading

AUGERS
GRAANDAMME
SINKDAMME
BUNKERS
AFLAAIBAKKE
Kontak:
Ryno 073 268 7565
ryno.dupno@gmail.com

### BIBLIOTEEK OOP

***Piercestraat 66 • Heilbron***
**Heilbron Biblioteek is VYF DAE per week oop vir die publiek en die tye is as volg:**
**Maandae tot Vrydae** - 09:00 - 13:00
(Volwassenes) en 14:00 - 17:00 (Kinders)
***Biblioteek is gesluit op Saterdae, Sondae & openbare vakansiedae.***




### HEILBRON ROLBAL-KLUBHUIS

Geskik vir ongeveer 70 mense.
Ingesluit volledige eetgerei, stoof en 2 oonde, gelisensieerde kroeg beskikbaar.
**Sonja Muller**
**081 849 1877**

Neem asb. kennis dat die Heilbron Herald se fabriek die 12de Desember 2025 sluit en DV die 7de Januarie 2026 open.
Die winkel sluit die 18de Desember 2025 en open die 5de Januarie 2026.

Bestel asb. vroegtydig u drukwerk en skryfbehoeftes om teleurstelling te voorkom.

Herald
Elsstraat 44
Heilbron
Tel: 058 852 3033
Office National





Heilbron Herald
058 852 3033
066 056 1601
44 Els Street | Heilbron | 9650
heraldgraphics2@heilbron.co.za

**Mini Label Pack 50x Stickers - R160** Including VAT
10x Colour Book Labels (50x70mm)
25x Wrap-around Pen & Pencil Labels (35x10mm)
5x Multi Purpose Labels (30x70mm) Lunch Boxes, Juice Bottles, Pencil Case, Sport Equipment
10x Round Multi Purpose Labels (40x40mm)
1x Bag Tag with Keyring (60x35mm)
1x Permanent Marker

**Starter Label Pack 95x Stickers - R280** Including VAT
25x Colour Book Labels (50x70mm)
40x Wrap-around Pen & Pencil Labels (35x10mm)
20x Multi Purpose Labels (30x70mm) Lunch Boxes, Juice Bottles, Pencil Case, Sport Equipment
10x Round Multi Purpose Labels (40x40mm)
2x Bag Tag with Keyring (60x35mm)
1x Permanent Marker

**Super Label Pack 150x Stickers - R350** Including VAT
40x Colour Book Labels (50x70mm)
60x Wrap-around Pen & Pencil Labels (35x10mm)
30x Multi Purpose Labels (30x70mm) Lunch Boxes, Juice Bottles, Pencil Case, Sport Equipment
20x Round Multi Purpose Labels (40x40mm)
4x Bag Tag with Keyring (60x35mm)
1x Permanent Marker

**Add On To Your Label Pack - R50** Including VAT
100x Wrap-around Pen & Pencil Labels (35x10mm)



STEERS
DEBONAIRS PIZZA

### Vakature Beskikbaar

### Bestuurder

**Heilbron Steers/Debonairs**

Eie Vervoer (Geldige lisensie 'n vereiste)
Markverwante salaris/Insentiewe beskikbaar vlgs prestasie
Salaris vlgs bewese ervaring
Opleiding sal gereël word

**ERVARING / VAARDIGHEDE BENODIG:**
- Leierseienskappe
- Administratiewe ervaring+ (MsOffice)
- "Point of Sales" ervaring sal 'n plus wees
- Voorraad beheer, bestellings
- Spanwerk -
- Roosterbeplanning
- Onderhoud bestuur (Toerusting/geboue ens)
- Opleiding/vergaderings met personeel
- Kliëntediens
- Algemene restaurant ervaring sal 'n plus wees

**Aansoek sluitingsdatum:** 7 November 2025
**Begin datum:** ASAP
Epos – heilbronsteers@outlook.com

